

Inheemse bome en struike

DIOSPYROS

P.C. Zietsman

Jakkalsbessie, Bloubos, Vuurmaakbossie, Kraibossie en Bostolbos is almal populêre name vir 'n groep van ons mooiste bome, die *Diospyros* soorte. Die woord *Diospyros* is uit die Grieks afgelei en dit verwys na die eetbare vrugte wat sommige van die uitheemse bome dra.

In die Republiek kom daar nagenoeg 20 verskillende spesies voor waarvan slegs drie redelik algemeen in die O.V.S. voorkom. Al drie die soorte leen hulle uitstekend daartoe om in die tuin aangeplant te word.

Kritikom, Fire-sticks (*Diospyros austro-africana*)

Die struik kom algemeen teen kliprantjies in die O.V.S. voor en wissel van 1-3 m in hoogte. In uitsonderlike gevalle kan die struik selfs tot 10 m hoog word. Klein blomme waarvan die kleur wissel van room tot ligrooi word in groot hoeveelhede van Augustus tot September gedra. Donkerrooi vrugte wat deur baie voëls geëet word, word van Januarie tot Junie gedra. Die struik met sy klein kompakte groeivorm is bestand teen droogte en ryp en is ook immergroen.

Bloubos, Bluebush (*Diospyros lycioides*)

Die Bloubos het 'n struikagtige groeivorm en wissel oor die algemeen van 2-3 m in hoogte. Enkele individue mag selfs so hoog as 7 m word. In die O.V.S. kom die bome in 'n groot verskeidenheid van habitate voor. Die bome is bladwisselend en blom van September tot Desember. Die klein roomkleurige blomme wat in groot getalle gedra word gee veral saans 'n baie soet reuk af. Vrugte word van Januarie tot Mei gedra en is 'n groot aantrekkingskrag vir vrugtevreterende voëls.

Die bome is bestand teen ryp en droogte en groei vinnig indien hulle goed versorg word. Die struikagtige groeivorm asook die feit dat die bome nie baie groot word nie, maak die boom baie geskik vir die stadstuin.

Bostolbos, Bladder-nut (*Diospyros whyteana*)

Dié boom het 'n struikagtige groeivorm en word 5-7 m hoog. Die bome kom algemeen in




Kritikom, Fire-sticks



Bloubos, Bluebush.

Bostolbos, Bladder-nut.



bergwoude teen berghange en langs dreineringslyne in gedeeltes van die oostelike O.V.S. voor. Die bome is immergroen met 'n glansende dunkergroen loof. Die roomkleurige blomme word van Augustus tot November gedra. Die helderrooi vrugte word van Januarie tot Mei gedra. Die saad ontkiem redelik maklik. Ofskoon die bome sowat 300 jaar gelede skynbaar baie algemeen in Europese tuine aangeplant was, word hulle vandag skaars in tuine in ons land aangetref. Die bome kan in die vol son of skadu geplant word, is redelik gehard teen ryp en droogte en groei vinnig. Die bome aard in 'n groot verskeidenheid grondsoorte en maak uitstekende heiningplante.

Alhoewel dit meestal moeilik is om inheemse bome by kwekerye te kry, het meeste van die Botaniese tuine 'n groot verskeidenheid plante van hul omgewing wat te koop aangebied word. Indien u belangstel in ons inheemse plante of dalk net bome wil plant om voëls te lok is enige van die genoemde *Diospyros* spesies aan te beveel.



BIBLIOGRAFIE

- PALGRAVE, K.C. 1977. *Trees of Southern Africa*. Kaapstad: Struik.
 PALMER, E. & PITMAN, N. 1973. *Trees of Southern Africa III*. Kaapstad: A.A. Balkema.
 VENTER, H.J.T. & JOUBERT A.M. 1984. *Klimplante, Bome en Struike van die Oranje-Vrystaat*. Bloemfontein: P.J. de Villiers.